Geopende *Deure*

# Sout en Lig

IMPAKVERSLAG



SÓ HET JY ONS GELOOFS-FAMILIE GEHELP OM DIE SOUT EN LIG TE WEES

**MEER AS 360 MILJOEN CHRISTENE ERVAAR TANS VERVOLGING EN DISKRIMINASIE WEENS HUL GELOOF.**

**HULLE VOLG JESUS, ONGEAG DIE KOSTE.**

**MET JOU HULP BRING ONS VIR HULLE HOOP DEUR BEWUSMAKING, GEBED EN ONDERSTEUNING VIR DIE WÊRELDWYE VERVOLGDE KERK AAN TE MOEDIG.**

Geopende Deure

"Julle is die sout van die aarde... Julle is die lig vir die wêreld..."

MATTEUS 5:13-14



*Te danke aan jou ondersteuning kan Nadia se familie in Irak aanbly om sout en lig in hulle gemeenskap te wees. Mimi (links) het nou ŉ toekoms in haar land.*

# Jy het geloof versterk en hoop gebring

**Die 2022-impakverslag wys hoe *julle, ons Suider-Afrikaanse vriende*, gehelp het om ons vervolgde familie se geloof te versterk en hoop in ŉ tyd van nood te bring. Sodoende kon hulle voortgaan om die sout en lig in hul gemeenskappe te wees. Só het jou skenkings in 2022 tot Geopende Deure se globale impak bygedra:**



## BYBELS & LITERATUURVERSPREIDING

**23 257** Bybels en Christelike literatuur kon veilig by vervolgde Christene afgelewer word in plekke waar hulle dit nie mag besit of toegang daartoe kan verkry nie.



## OPLEIDING & DISSIPELSKAP

**5 049** Christene is toegerus met vaardighede en Bybelse kennis wat nodig is om tydens vervolging te volhard deur leier- en dissipelskap, traumasorg en vervolgingsvoorbereidheid-opleiding.



## SOSIO-EKONOMIESE ONTWIKKELING

Vervolging, onrus en die pandemie se uitwerking het alles tot werksverliese vir talle Christene bygedra. Gelukkig kon ons veldwerkers en vennote ekonomiese bystand verleen sodat **270** gelowiges ondernemings kon begin en só ŉ volhoubare inkomste kan genereer.



## VOORSPRAAK

Geopende Deure-veldwerkers en vennote bemiddel nie slegs deur voorspraakondersteuning namens vervolgde gelowiges nie. Altesaam **2 814** gelowiges is ook gehelp om tydens vervolging of onregmatige beskuldiging geregtigheid te soek en oor hul wetlike regte onderrig sodat hulle hulself kan verdedig.



## TRAUMASORG

Altesaam **446** van die talle gelowiges wat weens hul geloof onder haglike omstandighede gevange geneem, gemartel of aan ander vorms van mishandeling soos seksuele aanranding onderwerp is, kon traumaberading ontvang.



## MEHR, INDIË

**Mehr* is wreed in die straat naby haar huis in Indië aangeval, geslaan en verwurg omdat sy 'n Christen is. Hospitaalverpleegsters het geweier om haar beserings te behandel en haar gesin het hul werk verloor.**

**Maar jy was daar toe dit saak gemaak het – en Mehr het volhard in haar geloof.**

***"God het julle as Goddelike helpers gestuur. Julle gebede het my en my gesin opgehef toe alles donker gelyk het,"* sê Mehr. *"God se plan vir my lewe is groot en ek sal tot Sy eer gebruik word. Jesus Christus is alles vir my."***

**Naam verander weens sekuriteitsredes.*

***Mehr* is nou goed onderweg na volle genesing. Sy het onlangs 'n nuwe werk gekry en hou aan om kerk toe te gaan en tyd saam met God te spandeer.***



# ’n Paar spesiale projekte wat jy ondersteun het

## **IMPACT INDIA:** R207 880 INGESAMEL

Danksy jou ondersteuning kon ons met ons wêreldwye Impact India-veldtog die Kerk in Indië help om te volhard deur onmiddellike hulpverlening en ondersteuning, regs- en inkomste-genererende bystand en dissipelskapopleiding.

## **DIE KERK WORD AANGEVAL (SSA):** R185 100 INGESAMEL

Danksy die getroue gebede van God se kinders en volgehoue moedige evangelisasiepogings, groei die Kerk vinnig regoor sub-Sahara Afrika. Terwyl die Kerk steeds toenemende gewelddadige vervolging in die gesig staar, is gelowiges van broodnodige fisiese, geestelike en emosionele ondersteuning voorsien.

## **TOP 10 LANDE OP DIE WWL:** R219 955 INGESAMEL


In die top 10 lande kan die uitleef van jou geloof onderdrukking, diskriminasie, brutaliteit en skokkende geweld meebring. Danksy jou ondersteuning kon gelowiges in hierdie lande die impak van vervolging weerstaan en steeds Christus se lig laat skyn.

# Die globale impak van jou geskenke in 2022

**Wanneer ons broers en susters wreed aangeval, teen gediskrimineer en deur maatskaplike onrus, natuurrampe of oorlog beïnvloed word, bemagtig jou ondersteuning Geopende Deure se veldwerkers en vennote en om op hul behoeftes te reageer. Dankie!**

In 2022 het jou geskenke tot 'n totale bedrag van R20,3 miljoen bygedra wat deur ons Suider-Afrikaanse basis aan ons vervolgde familie gegee is. Só is die verskillende streke geraak:

## Jou hulp om die wêreld




*Hoeveelheid geld ingesamel per streek deur Geopende Deure Suider-Afrika.*

## Jou impak waar die behoefte die grootste is

**R14 870 073 INGESAMEL**

Jou skenkings aan ons "Waar die behoefte die grootste is"-fonds het ons veldwerkers en vennote in staat gestel om op ons vervolgde familie se dringendste behoeftes te reageer, op grondvlak teenwoordig te wees en hulle in hul donkerste uur te ondersteun.

# Jou impak in Afrika

R449 638 **INGESAMEL**

Die gewelddadige vervolging in sub-Sahara Afrika is ongekend. Christene word vermoor, verkrag en ontvoer op ŉ skaal soos wat nog nooit tevore ervaar is nie. *As ŉ globale bediening in dié gevaarlike en wisselvallige streek het jou ondersteuning daartoe bygedra dat ons* ***507 588 gelowiges onder uiterste druk kon bereik.***



## CHARITY SE STORIE

Jou ondersteuning het ŉ groot ommekeer in Charity se lewe meegebring nadat haar gemeenskap deur Boko Haram aangeval is. Sy het deur traumaberading herstel en aangebly om haar dorpie te help herbou. ŉ Gemeenskap het uit die as opgestaan. Charity ondersteun nou ander wat deur vervolging geraak word.

> "Jy het ons hoop op 'n lewe in die toekoms gegee."
>
> CHARITY, NIGERIË

**32%**
toename in Bybelse opleiding in vergelyking met 2021

**87%**
begunstigdes is versterk om kragtig van Christus te getuig

**3x**
meer mense is in Ethiopië gehelp as in 2021

**507 588**
vervolgde Christene is ondersteun

# Jou impak in die Midde-Ooste & Golf

R613 359 **INGESAMEL**

Islamitiese radikalisme is nie so sigbaar in die Midde-Ooste soos tydens die ISIS-regime nie en die Kerk herstel nog van die verwoesting wat dit agtergelaat het. Ons broers en susters in dié streek verkeer steeds onder druk en die Kerk het kleiner geword. *Danksy jou geskenke en gebede kon ons wêreldwye bediening in 2022 hoop bring aan talle gelowiges in die streek, met* ***52% van die fondse wat gebruik is om Christene te herinner dat hulle nie alleen is nie.***




## FERIAL SE STORIE


Ferial en haar gesin het Sirië se oorlog deurgemaak en grootskaalse swaarkry beleef. Met haar besoek aan Geopende Deure se Sentrum van Hoop het alles egter vir Ferial verander.

> "Hulle het my aangespoor om Jesus lief te hê – selfs meer as wat ek voorheen gedoen het. Ons het nie verwerping beleef nie en hulle het ons geliefd laat voel."

FERIAL, SIRIË










| | | | |
|---|---|---|---|
| **287** Sentrums van Hoop word in Sirië bestuur | **4x** meer mense is in Jemen gehelp as in 2021 | **18** lande het die jeug byeengebring deur ŉ Jeug-tot-Jeug-forum | **52%** van fondse het help verseker dat vervolgde Christene nie alleen is nie |

# Jou impak in Asië & Sentraal-Asië

**R732 598 INGESAMEL**

Asië is die tuiste van dié gevaarlikste plek op aarde om Jesus te volg. In Noord-Korea staar gelowiges tronkstraf, wrede marteling en die dood in die gesig. Vervolging is nie beperk tot hierdie geheimsinnige staat nie en miljoene Christene regoor die streek verkeer onder druk terwyl regimes poog om outoritêre beheer oor hul bevolkings uit te oefen. *Jou ondersteuning het verseker dat ons wêreldwye bediening* ***42% meer Asiatiese broers en susters in 2022 kon bereik in vergelyking met 2021.***



## RUSLAN SE STORIE


Ruslan ontmoet nuwe gelowiges in die geheim om agter geslote deure te aanbid. En baie volg Christus, ongeag die koste. Jou geskenke en gebede bied lewensbelangrike ondersteuning aan dié geïsoleerde gelowiges.

"Danksy julle kan ons in hierdie vyandige omgewing oorleef. Julle is nie gewone mense nie, maar 'n antwoord van die Here."

RUSLAN, 'N KERKLEIER, SENTRAAL-ASIË



**7 500**
Afghaanse Christen-vlugtelinge word met noodleniging in Sentraal-Asië ondersteun



**50%**
meer mense het Christelike literatuur in Asië ontvang as in 2021



**42%**
meer mense is in 2022 in Asië bereik as in 2021



**6**
streke in China het geheime gemeentes wat vervolgingsopleiding ontvang het

# Jou impak in Latyns-Amerika

R16 400 **INGESAMEL**

Toestande het versleg vir die Kerk in Latyns-Amerika en vier lande in hierdie streek is nou op die ranglys van die top 50 gevaarlikste plekke om ŉ Christen te wees (Colombië, Kuba, Mexiko en Nicaragua). *Jou ondersteuning het ŉ verskil gemaak te midde van vervolging, veral in landelike gebiede en onder inheemse mense, sodat ons wêreldwye bediening* ***Bybelse en Christelike literatuur aan 22 590 gelowiges kon versprei.***



## VALENTINA SE STORIE

As die 15-jarige Christen-dogter van ŉ pastoor, loop Valentina die gevaar van vervolging en ontvoering. Sy het danksy jou ondersteuning ŉ toekoms en is deel van Geopende Deure se Kindersentrum in Colombië, waar sy veiligheid en hoop ervaar.

**"Ek het nog altyd verstaan dat alles in die lewe met 'n doel gebeur."**

VALENTINA, COLOMBIË

**4x**
toename in gelowiges bereik deur die verspreiding van Christelike literatuur in Bolivië

**3x**
meer Christene in 2022 in Venezuela bereik as in 2021

# ’n Gemeenskap van ondersteuning

Met ŉ terugblik op 2022 en ná alles wat ons die afgelope jaar kon bereik, is ons só dankbaar teenoor julle, ons gemeenskap van ondersteuning.

Dit is deur die verhoudings met dié gemeenskappe wat ons die Liggaam van Christus in Suider-Afrika kan opvoed en mobiliseer om met ons bedreigde en vervolgde familie te identifiseer en hulle aktief te ondersteun.

Deur ŉ stem te wees, die plaaslike Kerk op te voed, en platforms vir debat en geleenthede te skep, merk ons dat die “vrye Kerk” in Suider-Afrika hul gawes gebruik om op te staan en ons vervolgde broers en susters te dien, wat vervolg word omdat hulle Jesus volg.

**“Ek is oortuig daarvan dat ons die vervolgde Kerk baie meer nodig het as wat hulle ons nodig het.”**

**GAVIN WOOD, voorsitter van die ODSA-raad**



## Kerkgemeenskap

Ons het ŉ visie om te verseker dat die vervolgde Kerk in al die kerke in Suider-Afrika onthou sal word. Ons Kerkbetrokkenheidspan werk met kerke regoor Suider-Afrika, raak by hulle betrokke en inspireer hulle om dié visie te laat realiseer.

Deur ons toegewyde span personeellede, kontrakteurs en vrywilligers werk ons aktief saam met kerke van alle denominasies om die boodskap van die vervolgde Kerk te versprei. Terselfdertyd wil ons ook gebed, bewusmaking en ondersteuning vir ons vervolgde familie kweek. Deur spreekbeurte, Sondagdienste, gebedsbyeenkomste, opleiding en ander geleenthede deel ons die lot van ons vervolgde familie, terwyl ons die Kerk in Suider-Afrika uitdaag in hul eie reis met die Here.

**In 2022 is 756 kerkbyeenkomste en ander geleenthede regoor Suider-Afrika gehou.**




# Vervolgingsondag '22

Die eerste Sondag ná Pinkster staan wêreldwyd bekend as Vervolgingsondag. Geopende Deure Suider-Afrika span jaarliks op dié Sondag met kerke regoor Suider-Afrika saam om ŉ dag van impak vir die vervolgde Kerk te skep.

**62** byeenkomste regoor Suider-Afrika

Meer as **3 190** bywoners

**444** nuwe ondersteuners steek hul hande op om saam met die vervolgde Kerk te bid en hulle te ondersteun

---

# Vrywilligers-gemeenskap

Geopende Deure Suider-Afrika bou sedert 2021 onverpoosd aan ons vrywilligersgemeenskap. Gelowiges in Suider-Afrika het hier ŉ ruimte om hul tyd, verbintenisse en gawes aan te bied en ŉ stem vir hul vervolgde familie te wees.

Ons vrywilligers is met behulp van deurlopende aanlynopleiding, hulpbronne en geleenthede toegerus, bemoedig en gereed om die boodskap van die vervolgde Kerk te verkondig.



**80** aktiewe vrywilligers
**18** nuwe vrywilligers is in 2022 bygevoeg

> "My geloof groei daagliks wanneer ek die aantal vrywilligers sien toeneem wat met passievolle harte vir die vervolgde Kerk by ons aansluit! Ek is so dankbaar teenoor God vir elkeen se tyd, energie en hulpbronne en dat ek deel kan wees van hierdie werk in Sy koninkryk."

SONJA JANSE VAN RENSBURG, kerkvrywilliger-koördineerder

# Aanlyngemeenskap

Ons sosiale medianetwerke groei steeds en bied geleenthede om ŉ aanlyn gemeenskap te vestig wat passievol by Geopende Deure se werk en die vervolgde Kerk betrokke is.

Deur getuienisse, gebedsversoeke en nuus te deel, ervaar ons ŉ sterk, getroue en betrokke gemeenskap wat kommentaar lewer en help om ons vervolgde broers en susters se boodskap te versprei.

**"Een van die maniere waarop ons die hart van vervolgde gelowiges wys, is om hul stories te vertel. En om só baie van ons volgelinge en ondersteuners regoor die wêreld aanlyn te sien betrokke raak, is 'n ware bewys dat hulle nooit alleen sal wees nie."**

**LUCILIA MOLEKO, Aanlynmediabeampte**

**FACEBOOK** **17 200** volgelinge | **TWITTER** **9 162** volgelinge | **INSTAGRAM** **3 400** volgelinge | **YOUTUBE** **1 420** intekenare

# 4THEM-gemeenskap

Deur ons Biblegivers/4THEM-gemeenskap kry atlete en sportentoesiaste die geleentheid om hul gawes te gebruik en te doen waarvoor hulle lief is terwyl hulle dit vir ons vervolgde familie doen.

Ons **125** geregistreerde Biblegivers 4THEM-atlete neem deel aan verskeie wedlope van hul keuse regoor die wêreld terwyl hulle fondse, ondersteuning en gebede vir hul vervolgde broers en susters insamel. Dié fondse ondersteun ŉ verskeidenheid van ons projekte, insluitend die verskaffing, druk en verspreiding van fisiese, oudio- of digitale Bybels aan gelowiges in hul eie taal.



**20** byeenkomste waar atlete deelgeneem het

**250** atlete het aan byeenkomste/ wedlope vir Geopende Deure deelgeneem

**±5 000km** is deur 4THEM-atlete afgelê

**R353 769** is deur Biblegivers ingesamel

# Reis

Dit is 'n groot voorreg om na die buiteland te kan reis. Kombineer dit met die geleentheid om jou vervolgde familie te ontmoet, te bemoedig en vir hulle te bid – ons Teenwoordigheidsbediening is werklik 'n lewensveranderende ervaring.

Sedert die begin van Geopende Deure se bediening is ons verbind daartoe om die vervolgde Kerk te besoek en aan ons ondersteuners die geleentheid te bied om ook deel van dié sending te wees. Dus, ten spyte van die huidige globale ekonomiese situasie, is ons dankbaar dat God steeds dit vir soveel reisigers moontlik gemaak het om Jesus se hande en voete in 2022 te wees.

HET IN 2022 SAAM MET GDSA GEREIS

**29**
**vennote**






**"Hulle het Jesus liewer as wat hulle hul eie lewens liefhet. Hulle dien die Here met blydskap te midde van die vervolging waaraan hulle daagliks blootgestel word."**

Reisiger, MAMAH NINELA, deel die lesse wat sy uit haar besoeke aan die vervolgde Kerk geleer het.




# Jy het Charity op die pad na herstel gehelp

**Soms wonder jy dalk op watter wyse jou gebede en ondersteuning ons vervolgde familie presies raak. Dié Impakverslag het jou hopelik gehelp om beter te verstaan hoe belangrik jou gebede en ondersteuning vir hulle is – vir die vaders, moeders, broers, susters en kinders van ons geloofsfamilie, soos Charity.**

Charity, ŉ enkelma en suster in Christus van Guyaku, Noord-Nigerië, kan hiervan getuig terwyl sy steeds volhard te midde van dodelike vervolging in sub-Sahara Afrika.

Op ŉ angswekkende aand het Boko Haram haar dorpie aangeval en die meeste geboue aan die brand gesteek. Dit het Charity gedwing om saam met haar drie kinders na die berge te vlug, terwyl militante Christene doodgemaak het en huise in haar dorp afgebrand het. Tydens die paniek en verwarring het twee van Charity se kinders weggeraak.

ŉ Mens kan jou net die angs en hartseer voorstel van ŉ ma wat nie weet waar haar kinders is nie.

"Ek kon nie eers deur die dag kos eet of water drink nie, want dit was smakeloos, en ek het gedink as ek die water drink en kos eet en my kinders is dood, van watter nut sou die kos vir my wees?" het Charity gedeel.

## Hoop in duisternis

Terug in haar dorpie en twee weke later het Charity steeds nie geweet of haar kinders lewendig, gevange geneem of dood was nie.

Maar hoop brand in die donkerste plekke! Charity se gebede is verhoor en haar twee kinders is gevind. "Dit het soos ŉ nuwe dagbreek gevoel toe my kinders opgespoor is en het my nuwe hoop vir die toekoms gegee," het sy gesê.

Charity en van die ander mense het stadig begin om hul dorpie te herbou. "God het Sy Kerk in ons dorpie opgewek en ons nuwe hoop gegee. Nou wil ons terugploeg en ander help wat deur vervolging geraak word," het sy getuig.

"Jou (Geopende Deure-vennoot) koms het nuwe lewe gebring. Ons het nie eens geglo dat ons sou terugkom en weer in die dorp sou kon woon nie. Dit het ons hoop vir ŉ lewe in die toekoms gegee."

## ʼn Nuwe begin

Charity is vandag ŉ traumaberader wat ondersteuning bied aan ander wat die pyn van vervolging ervaar.

"Liewe broers en susters in Christus, dankie dat julle vir my bid en my bediening as traumaberader ondersteun. Julle het my en soveel ander gelowiges in Nigerië met julle bystand gehelp. Dankie vir die impak wat julle op my lewe maak."

Charity se verhaal verteenwoordig duisende vervolgde Christene van regoor Nigerië – gelowiges wat agterbly om die stukke op te tel ná gewelddadige godsdienstige aanvalle deur ekstremiste soos Boko Haram. Danksy jou bystand het daar ŉ ommekeer in haar gemeenskap gekom en is hulle gehelp om ware herstel in Jesus te vind.

**Jou ondersteuning en gebede maak ŉ verskil in die lewens van ons vervolgde familie in Nigerië en regoor sub-Sahara Afrika – gelowiges wat weens hul geloof die mees gewelddadige vervolging in die gesig staar. Dankie!**



*Jy het hoop gebring aan vervolgde Christene soos Charity en haar kinders deur jou geskenke en gebede.*

# Danksy jou ondersteuning kan hulle die sout en lig wees!



"...terwyl ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees..."

HEBREËRS 12:28

Liewe vennote en vriende

As ek terugkyk na 2022 en alles wat ons saam bereik het, is ek dankbaar dat jy ons bediening bystaan en ons vervolgde familie ondersteun. Met jou ondersteuning kon ons as ŉ wêreldwye bediening in 2022 ŉ verskil maak in die lewens van miljoene vervolgde Christene – nie net om hulle te help om te oorleef en in hul geloof te volhard nie, maar ook vir toekomstige geslagte om in hul geloof te groei.

**In ŉ jaar waartydens vervolging toegeneem en geweld meer intens geraak het, het jy ons broers en susters getrou bygestaan en het Geopende Deure-vennote wêreldwyd meer as 7 miljoen gelowiges bereik met broodnodige geestelike en praktiese ondersteuning. Sodoende kon hulle voortgaan om die sout en lig in hul gemeenskappe te wees.**

Soos wat ons die einde van die jaar nader, is dit ons begeerte om daarin te belê om God se Koninkryk op gevaarlike plekke uit te brei. Met jou hulp glo ons dié doelwit kan bereik word.

**Ons vertrou God om ons in staat te stel om ons vervolgde familie te help om die lig van Christus op dié plekke te laat skyn. Deur ons plaaslike doel vir 2023 te bereik, kan ons vanjaar meer as R19 miljoen bewillig om hulle te ondersteun.**

Hou asseblief aan om saam met ons te staan om Jesus se hande en voete vir ons geloofsfamilie te wees terwyl hulle hul lewens vir ons geloof in gevaar stel. Saam kan ons hulle getrou ondersteun en ŉ impak op hul lewens vir die Koninkryk maak. Dankie!

Vrede



**Lynette Leibach**
Uitvoerende direkteur, Geopende Deure Suider-Afrika

# Dankie dat jy die Koninkryk van God in gevaarlike plekke uitbrei



"Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar."

ROMEINE 12:5

**Geopende *Deure***

**www.opendoors.org.za**

Geopende Deure Suider-Afrika
Posbus 1771
Cresta, 2118

southafrica@od.org
+27 11 888 9341
064 867 4730

REG # 2004/023397/08